GELOFTE SKOOL

AFKNOU BELEID

Die onderwysers, leerders en ouers van Gelofte Skool bevestig hiermee dat:

- Afknou nie geduld sal word nie;
- Elke leerder se reg tot menswaardigheid eerbiedig sal word;
- ‘n Veilige skoolomgewing vir almal aangemoedig sal word; en elkeen se unieke persoonlikheid gewaardeer en gerespekteer sal word.
- Enige vorm van afknouery moet dadelik aan Me. Fullard (Primêr) of Me. Hefer (Sekondêr) gerapporteer word.

Doelwitte

Die doelwit van hierdie geen-afknou beleid is om:

- ‘n Veilige leeromgewing te bied;
- Leerders teen afknou te beskerm;
- Ondersteuning te bied aan die slagoffer, die afknouer en betrokke ouers; en riglyne te bied hoe om afknouery te hanteer.

Definisie van afknou

Afknou is ‘n gedrag waardeur iemand doelbewus en herhaaldelik benadeel word. Die slagoffer verdien nie die behandeling nie en dit gebeur dikwels in ‘n ongelyke magsbalans situasie.

Afknou sluit in, maar is nie beperk tot, die volgende:

- tergery, uittarting en bespotting;
- uitskel en slegsê/beledig;
- dreigende en/of onwelvoeglike taal, tekens en gebare;
- verspreiding van onwaar en/of gemene stories;
- iemand doelbewus te isoleer van aktiwiteite;
- familielede te beledig;
- doelbewus iemand se eiendom te beskadig;
- rassistiese aanmerkings te maak;
- ander persone se kultuur of godsdiens te beledig;
- twee of meer leerders wat saamspan om ‘n ander leerder te benadeel;
- ander persone te slaan of aan te rand;
- afknouery;
- foto’s van ‘n ander persoon versprei via enige sosiale media tydens skoolure;
- seksuele teistering in enige vorm

Beginsels

- Die waardigheid van alle leerders sal erken en gerespekteer word
- By hierdie skool sal geen fisiese, woordelikse en/of subtiele afknouery geduld word nie.
- ‘n Aangewese onderwyser (Me. M Fullard en me. Hefer) sal intree om ‘n leerder wat afgeknou word te beskerm en sal poog om die probleem op te los.
- Alle insidente van afknouery sal onder die aandag van die verantwoordelike persoon gebring word.

Ondersoek en aanmelding van afknouery

1. Alle afknouery sal op die voorgeskrewe vorms aangemeld word.
2. Inligting ontvang vanaf leerders sal as vertroulik hanteer word.
3. Sodra die uitslag van die voorlopige ondersoek beskikbaar is, mag die betrokke partye bymekaar geroep word om op ‘n konstruktiewe wyse ‘n oplossing vir die probleem te vind. Getuies sal slegs ingeroep word indien dit as noodsaaklik geag word.
4. Die uitslag van die bogenoemde aksie sal aangeteken word en vir toekomstige verwysing deur die aangewese persoon gehou word. Die inligting sal ook beskikbaar wees vir die hoof.
5. Ouers sal slegs in ernstige gevalle, soos deur die skoolhoof bepaal, in kennis gestel word en daar sal dan van hulle verwag word om die skool by te staan om onaanvaarbare gedrag reg te stel.
6. Indien ‘n dissiplinêre verhoor nodig is, sal dit deur die hoof gereël word volgens die prosedure soos uiteengesit in die skool se dissiplinêre kode.

Dissiplinêre aksie

Die volgende prosedures moet gevolg word. Van aangewese onderwysers word verwag om ‘n lêer by te hou waarin alle insidente opgeteken word. (Die syfers 1, 2 … beteken eerste oortreding, tweede oortreding ensovoorts.)

Vlak 1 oortreding:

1. Waarskuwing deur aangewese onderwyser + invul van vorm.
2. Aanmelding + invul van vorm.
3. Gesprek met skool se Maatskaplike werker met verslag + invul van vorm.
4. In kennis stel van hoof/adjunkhoof en ouers + invul van vorm.
5. Dissiplinêre verhoor.

Vlak 2 oortreding:

1. Aanmelding en gesprek met aangewese onderwyser + invul van vorm.
2. Gesprek met Maatskaplike werker met verslag + invul van vorm.
3. In kennis stel van hoof/adjunkhoof en ouers + invul van vorm.
4. Dissiplinêre verhoor.

Vlak 3 oortreding:

1. In kennis stel van hoof/adjunkhoof en ouers + invul van vorm. Bykomend kan ‘n onderhoud met die Maatskaplike werker gedoen word om redes vir die gedrag te bepaal met ‘n skriftelike verslag.
2. Dissiplinêre verhoor.

Uitvoering van strafmaatreëls

Om strafmaatreëls toe te pas, sal gevalle van afknouery soos volg ingedeel word:

Vlak 1
- tergery, uittarting en bespotting;
- uitskel en slegsê;
- dreigende of onwelvoeglike taal, tekens en gebare;
- Iemand doelbewus te isoleer van aktiwiteite; en
- twee of meer leerders wat saamspan om ‘n ander leerder te benadeel.

Vlak 2
- familielede te beledig;
- doelbewus iemand se eiendom te beskadig;
- verspreiding van onwaar of gemene stories (ook deur sosiale media tydens skoolure); en
- ander persone se kultuur of godsdiens te beledig.
- beledigende opmerkings t.o.v. vermeende seksuele oriëntasie

Vlak 3
- rassistiese aanmerkings te maak;
- ander persone te slaan of aan te rand; en
- seksuele teistering
- bedreiging met/gebruik van enige wapens of skerp voorwerpe

Wat om te doen in afknousituasies

As jy ‘n slagoffer is

- Oefen om ‘n afknouer op ‘n besliste wyse terug te antwoord op sy aanmerkings;
- Moet nie op so ‘n wyse reageer dat dit die situasie sal vererger nie, met ander woorde, moet nie tot die vlak van die afknouer daal nie;
- Bly in die teenwoordigheid van goeie vriende;
- Vertel ‘n vriend en soek sy/haar hulp;
- Stap weg wanneer die afknouer nader kom; en
- Ignoreer die afknouer.

As die bogenoemde aksie nie help nie of as die afknouery ernstig of persoonlik is, of as jy om geen rede aanhoudend afgeknou word, rapporteer dit dan aan ‘n onderwyser of vul ‘n afknouvorm in.

Afknouvorms is beskikbaar by jou graadvoog of by sekondêre voorligter.

As jy ‘n toeskouer of getuie is

- Moet nie deelneem aan die afknouery of die afknouer se gedrag navolg nie;
- Moet nie die afknouer aanmoedig nie;
- Vra die afknouer om sy gedrag te staak;
- Help die persoon wat afgeknou word;
- Probeer om iemand wat uitgesluit of geterg word, in te sluit;
- Vul ‘n afknouvorm in wat beskikbaar is by jou graadvoog of sekondêre voorligter; en
- Vertel ‘n onderwyser van die insident.

As jy ‘n afknouer is

- Praat met ‘n vriend;
- Skryf die redes hoekom jy ‘n afknouer is neer;
- Probeer om jou gedrag te verander, een dag op ‘n keer;
- Wees positief teenoor ander mense en aanvaar hulle; en
- Vra hulp van ‘n onderwyser wie jy vertrou en met wie jy gemaklik voel.

Dit is jou reg om emosioneel veilig te voel en gelukkig te wees by die skool. Niemand het die reg om jou daarvan te ontneem nie.

‘n Afknouer is ook ‘n ongelukkige persoon wat hulp nodig het. ‘n Afknouer maak hom/haarself baie seer en moet ook vir hulp vra as hy/sy dit nodig het. Dit vra baie moed van iemand om te erken dat hy/sy ‘n afknouer is en so ‘n persoon sal gerespekteer word as hy/sy so ‘n positiewe stap neem.

DEFINISIE VAN AFKNOU

Afknou is gedrag wat doelbewus of aanhoudend iemand anders fisiek en/of emosioneel seermaak. Die gedrag is onnodig en dit gebeur dikwels wanneer daar ‘n ongelyke magsbalans is.

Hersien en goedgekeur Maart 2021.

GELOFTE SKOOL

AFKNOU VERSLAGVORM

Jou naam: _____ **Datum:** _____

Graad: _____

Merk een van die volgende:

☐ Ek het gesien dat iemand afgeknou word.

☐ Ek is afgeknou.

☐ Ek het iemand afgeknou en is jammer daaroor.

Gee besonderhede oor wat gebeur het:

GELOFTE SKOOL

VRAELYS AAN OUERS

Besorg asseblief terug aan die klasonderwyser

NAAM VAN OUER: _____
(U mag anoniem bly indien u dit so verkies)

Kind se graad: _____

1. Hoe voel u oor die bostaande proses?

2. Het u enige bykomende voorstelle?

3. Hoe sien u die ouer se rol in die proses?

4. Hoe stel u voor dat ons die ouers van leerders wat aanhoudend ander leerders afknou, benader?

5. Hoe sal u voel as u genader word as dit u kind sou wees wat ander leerders afknou?

6. Ander voorstelle bykomend tot die bogenoemde.